**DINSDAG 10 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 16:4-21 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 16:10, 15, 16**

## Delila – Die Filistyne is op jou!

In die persoon van Delila (die koket) sien ons die eeue-oue stryd tussen lig en duisternis. Ja, met Delila word die vervloeking van die slang in Genesis 3 aan die Nasireër, Simson, ’n werklikheid. Hier sien ons die listige magte van Satan aan die werk om die kerk uit te roei, en daarmee saam die hoop op die Messias.

Delila vergestalt die slinkse planne van die duiwel, nie hier met ’n vrug soos daar in die tuin nie, maar met dieselfde begeerte van die hart. Haar aanslag is op die verleiding van die kerk tot uiteindelike vernietiging. Simson het haar liefgekry en sy het dit geweet. Al het daar verskeie gevaarligte begin flikker deur Delila wat by Simson op die geheimenis van sy krag aandring, was die rigter blind-verlief om dit nie raak te sien nie.

So kom die verval van die kerk in die midde van die wereld. Anders gestel: Simson verleer om op die HERE te vertrou, omdat hy op homself vertrou en hom met sy grootste vyand vereenselwig. So kom die duisternis na vore as die engel van die lig. Delila verlei Simson se hart weg van die HERE ...

Net so kom die Delilas van vandag na ons deur die begeertes van ons hart. Waak dan om nie jou hart te laat verlei nie. Blus die Gees van God nie uit nie. Voer die stryd voluit in Christus, want Hy alleen is die ware Rigter wat ons kan verlos. Dit sal immers nie meer wees “die Filistyne op jou” nie, maar die wederkoms van die Seun van God!

*Sing: Psalm 119:1, 7 (1936)*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Kimberley)*